

Preek Jan Steyn 4 November 2018

Teks: Jeremia 1, 7 en 11:18-12:6 (Teksvers 12:5)

Tema: Voetsoldate en perde

Inleiding;

Jeremia is een van die profete in die Bybel wat gedurig ons siening van die lewe en die samelewing om ons se siening van die lewe bevraagteken. Jeremia lyk volgens die samelewing om ons se beskrywing van sukses nie baie suksesvol nie. Sy enigste uitnemendheid is die graad van sy geloof- a long obedience in the same direction sou Eugene Peterson dit beskryf. Ten minste 23 jaar dien hy die Here as profeet.

Jeremia stel meer belang in God as in homself en sy lewe is nie een van gemak of prestasie nie. Nie een van sy volksgenote het juis belang gestel om na sy boodskappe van God af te luister nie. Mense sluit hulle ore vir sy boodskappe, want om daarna te luister en te doen wat dit vra sou beteken hulle sou moes verander en hul optrede sou moes verander. Erger nog: hulle sou moes erken hulle was verkeerd!

In elk geval was hulle nie juis bang vir die oordeel wat Jeremia aangekondig het nie, die tempel was tog in die suidryk van Juda daar in Jerusalem. Ons het daarvan gelees in hoofstuk 7- die vals vertroue op die tempel. Waar die tempel was, het hulle geglo, was hulle verseker veilig, want die tempel was die een plek op aarde waar God se teenwoordigheid die sterkste was. Jeremia was eenvoudig getrou aan die boodskap wat hy gebring het en het nie gepoog om hierdie Christen celebrity te wees soos baie predikers vandag nie. Die probleem met die celebrity ding is mos in elk geval dat jy vir mense begin vertel wat hulle wil hoor en wat hulle ego streef en hulle beter oor hulself laat voel en jou baie boeke en DVD's laat verkoop, sonder dat dit hulle oproep om hulle te bekeer of te verander. Dis opvallend dat toe mense daar in Mattheus 16 begin vra wie Jesus is, het party geantwoord dis Jeremia. Die een wat getrou gebly het, al het mense hom geminag en wou hulle hom dood maak.

Jeremia beskerm ons teen die leuens van ons samelewing wat ons leer die doel van die lewe is om raakgesien te word en dat mense my op een of ander manier moet eer en om veral in voorkoms goed te lyk. Jeremia se lewe en profesieë beskerm ons teen selfgerigte denke en veruiterliking van die lewe (dat net wat aan die buitekant is saak maak) wat so sterk in ons samelewing is. Jeremia se lewe skree teen hierdie leuen dat ek eers ten volle mens kan wees as ek my begeertes en drome jaag en dit waar maak het. Jeremia wys ons 'n lewe wat saak maak, het hierdie sterk innerlike en geestelike basis. Sy boodskap het nie die mense van sy eie tyd geraak nie, maar dit raak ons vandag aan en spreek ons aan.

Jeremia beskerm ons ook teen die geestelike onsin wat ek al meer by van God se kinders, by medegelowiges bespeur. Iemand mag nie sterf nie, dan moet ons haar gaan opwek. Mense mag nie siek word nie, want dan is daar fout met hulle geloof. Ander uitwasse van hierdie manier van dink is dat Christene nie teenspoed mag ervaar nie en God haat armoede- kinders van die Here mag nie arm wees of finansiële sukkel nie. Hulle mag ook nie depressie kry nie of hulle werk verloor nie. Daar is hierdie kritieke skuif aan die gang van God se mag en wat God toelaat na die krag van ons geloof en wat ons sal toelaat as God se kinders. Waar kom ons aan hierdie snert?

God het die mag oor dood en siekte en Hy sal opwek en genees as Hy dit wil doen. En ja, natuurlik mag ons vir siek mense bid vir genesing en vir mense in nood bid en bid dat iemand nie mag sterf nie, Ons praat tog met ons Vader! Maar in die Bybel sterf God se kinders en word siek. Vra vir Paulus wat was die doring in sy vlees waarvoor hy gebid het, maar dit is nie van hom weggenem nie. Alle aanduidings is dat dit een of ander vorm van siekte was. God het hom wel verseker: My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. Jeremia se lewe is 'n dagboek van teenstand en verlies. Ek vra: word God net verheerlik as jy genees word of word Hy nie ook dikwels verheerlik deur mense se siekte en hoe hulle dit hanteer nie? Word God net verheerlik deur jou voorspoed of skyn Sy teenwoordigheid nie soms nog sterker deur mense se teenspoed nie? Daar waar ons Hom dalk nie sou verwag nie? Die Amerikaanse prediker Levi Lusko vertel by Passion 2017 hoe hy sy vyfjarige dogtertjie op die kombuistafel neergesit het om CPR op haar toe te pas, maar hy kon haar dood nie keer nie. 'n Paar maande na haar dood uiter hy hierdie vreemde woorde: IT is an honour to be trusted with pain.

Wat het Jeremia 12:5 in Jeremia se eie tyd beteken?

Jeremia was van die klein dorpie Anatot wat so 60 km van Jerusalem af was. Ons het geles in hoofstuk 11 hoe die mense van Anatot teen Jeremia se boodskap in opstand gekom het en in 12:6 het ons geles dat sy eie familie ook nie aan sy kant was nie. Dis hier in Anatot wat Jeremia se bediening begin het. Miskien het hy gedink na hierdie aanvanklike teenstand wat hy as jong profeet gekry het, die pad darem nou makliker sou word, dat die Here hom dalk bietjie sou kom versterk en vertroos met die woord dat dinge van nou af makliker sou gaan. Dat die Here hom bietjie sou cuddle!

Die Here doen die teenoorgestelde. Hy kom verseker Jeremia dat dinge moeiliker sou word. Die teenstand in Anatot was soos om met voetsoldate te hardloop. Anatot was net die oefenveld vir wat nog gaan kom! By voetsoldate of mense per voet kan jy dalk nog byhou. Die teenstand wat hy sou kry as die prinse in Jerusalem en die geestelike leiers rondom die tempel daar sy boodskappe hoor, gaan baie meer fel wees. Dan gaan hy uitvind hoe dit is om saam met perde te moet hardloop. Die landskap daar rondom Anatot was nog die land van vrede of hierdie vreedsame land. Dit wat in terme van

teenstand vir hom voorgelê het was soos die digte bos aan die Jordaanrivier wat byna ondeurdringbaar was en waar wilde diere soos leeu's hulle skuil gehou het. In hierdie digte bos by die Jordaanrivier was jy die prooi en nie die jagter nie!

Wat beteken Jeremia 12:5 vir ons as die Here se kinders vandag?

Ons kom almal by tye in ons lewe wat ons dink- ek het nou genoeg pyn en verlies ervaar, ek het nou genoeg moeilikheid gehad. Here, gee my net kans om asem te kry. Gee vir ons verligting. Laat dit net bietjie beter gaan. En iets groter en moeiliker om te hanteer kom op ons pad. Ons voel radeloos en aan die einde van ons kragte. En ons besef: Hier hardloop ons nou saam met die perde. Die gedagte hieragter is dat mense nie in staat is om saam met perde te hardloop nie- die video het dit so mooi uitgewys. Dit beteken daar kom dinge op ons pad wat ons laat besef ek kan nie hier byhou nie, my krag en my wysheid is te min. As dit van my alleen afhang, gaan ek nie deur hierdie krisis kom nie.

Jeremia beland op hierdie plek waar hy met die perde moet hardloop. Daar word van hom meer gevra as wat hy in staat is om te hanteer. Maar dan het ons geles in hoofstuk 1 waar God hom geroep het: Ek maak jou 'n vestingstad, 'n ysterpilaar, 'n bronsmuur sodat jy staande kan bly teen die hele land, teen die koningshuis van Juda en al sy amptenare, teen sy priesters en teen die bevolking. Hulle sal teen jou veg, maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here. Ons sien baie keer die perde waarteen ons moet hardloop, hoe groot en onmoontlik die krisis lyk, maar ons sien en vertrou nie altyd dat die Here by ons is nie. Toe ek hierdie gedeelte oor die hardloop met die perde geles het, het ek onmiddellik gedink aan Jesaja 40: Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie. Die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag, hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie. Jeremia moes deur swaarkry leer waar die krag in sy lewe en sy bediening werklik vandaan gekom het. Levi Lusko beskryf dit so mooi: Doing things for God has nothing to do with what we bring to the table. It has everything to do with what God brings to the table. As jy gevra word om met perde te hardloop, moet jy weet die krag wat jou dra word ook al hoe meer. Die diepte van die Gees se troos raak al hoe meer, die woorde van die Woord al meer werklik. Die arms van die Vader om jou al nader en intiemer. Levi Lusko preek so oor hierdie gedeelte: You have been called by God. If He's called you there, He'll get you there. Our calling is pregnant with power.

Om op God te vertrou is nie altyd maklik nie, dit lyk soms selfs na dwaasheid, dit wat Hy oor jou pad bring, lyk soms meer na straf as dat Hy my geloof en vertrouwe in Hom deur krisisse wil verdiep. Geloof is nie altyd voorspoed en sonnige dae nie. Maar jy moet deur dik en dun en elke dat die pad saam met

jou Here bly loop. A long obedience in the same direction. Niks kits en vinnig hieraan nie. Om two minute noedels te maak vat bietjie langer as twee minute. Maar dis gou. Om 'n siel en verhouding met die Here te bou is 'n leeftyd se werk. Dis wat Jeremia gedoen het. Dis wat ek by my pa geleer het. Ek het my pa eendag gevra hoekom hy altyd sy Bybel lees en elke dag bid en stiltetyd hou. Die meeste mense doen hierdie goed net as hulle in die nood is of groot moeilikheid kom op hulle pad. My pa se antwoord was: My kind, jy moet jou verhouding met die Here versterk in die goeie tye en as dit goed met jou gaan, want as daar moeilike tye of hartseer op jou pad kom, het jy nie skielik met 'n Vreemdeling te make nie.

Ons moet ons kinders leer om met die perde te hardloop: Hiermee bedoel ek ons moet hulle nie grootmaak om maar te doen soos almal doen nie. Maar om in karakter en as die mense wat hulle is uit te staan. Al deel hulle nie daarvoor pryse uit nie.

Ek wil hieroor twee gedagtes met julle as ouers deel juis by die doop vandag:

Leer jou kinders om verantwoordelikheid vir hulle besluite en hul foute te neem:

Een ma bel my eendag baie ontsteld. My kind het dronk by die huis gekom. Dominee, my kind is nie 'n drinker nie. Ek is so kwaad vir hierdie ander kinders wat hom laat drink het. Ek simpatiseer dadelik: Ai jong, ek is so jammer dat dit gebeur het. Het die ander kinders jou kind vasgedruk en die drank in sy keel afgegooi? Nee, natuurlik nie. Maar hy het begin drink omdat hulle gedrink het. Hy sê self as die ander nie so gedrink het nie, sou hy dit ook nie gedoen het nie. Ek het haar maar toe die waarheid vertel: Jou kind het soos al die ander kinders gekies om te drink. Niemand het hom forseer nie. Leer jou kind om verantwoordelikheid te neem vir sy eie besluite en foute. Ons leef in hierdie samelewing waar ons graag die verantwoordelikheid aanskuif. Wat is die eerste ding wat politici plegtig verklaar as hulle oneerlikheid uitgevind word? Dit was nie ek nie. Iemand anders het dit gedoen, nie ek nie. Mense wat geestelik saam met perde behoort te hardloop, moet kan pa staan of ma staan vir hulle eie keuses en besluite. Ek sien dit baie met ons onderwysers, hierdie saak wat ek nou aanraak. Die onderwyser is gewoonlik verkeerd en jou bloedjie reg. Gewoonlik is dit andersom. Ons help nie ons kinders om verantwoordelikheid vir hulle eie gedrag te aanvaar nie. Joshua Motemere, 'n pastoor uit Zimbabwe vertel by hulle werk dit anders: Teachers are empowered. Parents would rather believe the teacher than their children. For they trust that teachers are fair and honest people.

Wat was een van die hoof redes hoekom die mense in Jeremia se tyd nie sy boodskap wou hoor nie? Hulle wou nie verantwoordelikheid vir hulle eie keuses en besluite neem nie. Hulle wou nie hul sonde en afgodsdienste erken nie.

Tweedens: Leer hulle volharding en deursettingsvermoë:

Ek vra eendag een van die pastore in die dorp wat hy as die grootste issue onder tieners en jongmense sien? Sy antwoord was doodeenvoudig. Hulle het nie volharding en deursettingsvermoë nie. Hulle gee te gou op. As iets moeilik of ongemaklik raak, los hulle dit net.

Ek het nogal gedink ons grootmense het dieselfde probleem. Leer julle kinders om klaar te maak wat hulle begin het- dat alles wat die moeite werd in die lewe is iewers ongemaklik gaan raak en baie van jou gaan vra. Dis hierdie kits-ding wat ons pootjie- dinge moet gou regkom of ek los jou en soek iemand anders, ek moet gou vordering sien anders doen ek liever iets anders. Ons soek tot in sport die vinnige formate uit- T20 en sewes rugby en fast five netbal. As ek begin werk moet ek vinnig baie geld verdien sodat ek kan koop wat ek wil en die leefstyl kan leef wat ek dink ek verdien. Groter leef is nie beter leef nie- dieper leef is beter leef.

Om geestelik te groei en as kind van die Here te leef is nie maklik nie. Dit vra opoffering, dit vra dissipline, dit vra gehoorsaamheid. Dit vra jou om nie jouself net eerste te stel en net te vra wat gaan my die meeste bevoordeel in hierdie verhouding of situasie nie. Wees vir jou kinders 'n voorbeeld van hierdie long obedience in the same direction. Al soek die wereld vinnige resultate en short obedience en al verander dit elke week van rigting. Jeremia leer ons deursettingsvermoë- hy het volhard as die Here se boodskapper al het hy nie impak en resultate in sy eie leeftyd gesien nie. Ons volharding in die Here kweek ons kinders se volharding in hulle verhouding met die Here.

Daarom laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof. Dan sal jy nie geestelik moeg word en uitsak nie. Jou kinders weet as jou oog volhardend gevestig is op Jesus- jy het net hierdie kalmte en vrede en vertrou al raak jy soms baie besig, wat jy nie aanlyn kan koop nie. Dis nie op uitverkoping op Black Friday nie. Net die Here kan dit vir jou gee.

Slot:

Ons weet nie mooi hoe Jeremia se lewe ten einde geloop het nie. Een teorie is dat hy in Egipte gestenig is en so gesterf het. Die Here het van hom gevra om saam met die perde te hardloop. Hy praat nie self daarvoor of hy dit toe wel gedoen het nie. Sy lewe het op die ou end die antwoord gegee: Ek sal deur U krag, omdat U by my is, saam met die perde hardloop.

Amen